JOHANNESBURG EAST DISTRICT

DISTRIK EKSAMEN

GRAAD 10

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 1

NOVEMBER 2103

EKSAMINATOR: Mev. J. Martins (Bryanston High School)
PUNTE: 80
TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

GDO DISTRIK D9 AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 10 NOVEMBER 2013 EKSAMEN
VRAESTEL 1

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

AFDELING A:	Leesbegrip	(30 punte)
AFDELING B:	Opsomming	(10 punte)
AFDELING C:	Taal	(40 punte)

2. Skryf jou **naam, van,** en **datum** op jou antwoordblad.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin elke afdeling op ‘n **nuwe** bladsy.
5. Trek ‘n streep na elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat ‘n reël oop na elke antwoord.
8. Volg die instruksies by elke afdeling.
9. Trek ‘n **kantlyn** aan die **regterkant** van jou antwoordblad.
10. Onthou om jou onderwyser se naam bo-aan die antwoordblad te skryf.
11. Skryf netjies en leesbaar.
12. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.
13. Lekker skryf.

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1

TEKS A: ARTIKEL

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae.

Om te 'too' of nie te 'tattoo'

1. DIE woord ‘tattoo’ is afgelei van die Tahitiese woord ‘tattau’ wat ‘om te merk’ beteken en is die eerste keer aangehaal in die joernale van die ontdekker, James Cook.

2. Aangesien tatoeëermerke in Europese en Amerikaanse samelewings as eksoties beskou is, het getatoeëerde Indiane in die 18e en 19e eeue baie mense na sirkusse en kermisse gelok.

3. Tatoeëermerke het verskillende betekenisse in verskillende kulture. Lank gelede was versiering die algemeenste rede vir dié gebruik en is dit vandag nog die hoofrede waarom mense hulself laat tatoeëer. In sekere kulture het die merke gedien as identifikasie van rang of status, soos die antieke Romeine wat slawe en kriminele só gemerk het.

4. Tahitiese tatoeëermerke dui op rituele wat die geskiedenis van 'n persoon vertel, byvoorbeeld wanneer ‘n seun volwassenheid bereik, of wanneer ‘n man trou, is spesifieke tekens aangebring.

5. Matrose het tatoeëermerke tydens hulle reise versamel om as aandenkings te dien, byvoorbeeld ‘n draak wat wys dat die matroos in China gewerk het. Daarom het tatoeëerwinkels in hawestede wêreldwyd begin verskyn.

6. Die vroegste tatoeëermetodes het gewissel van skrape in die vel waarin kleurstof, soos roet, gesmeer is, tot prikmerke wat met skerp voorwerpe van been of hout gemaak is. Vandag word tatoeëermerke geskep deur ink onder die vel in te spuit met ‘n naald wat aan ‘n spesiale implement gekoppel is. Dié implement laat die naald teen honderde vibrasies per minuut beweeg, wat die vel, met min verdowing, ongeveer 1 mm diep penetreer. Die ink wat agterbly, meng met die selle van die vel en is vir die res van die draer se lewe sigbaar.

7. Jy moet dink aan die pynfaktor wat saam met tatoeëering gaan wanneer jy dié kunswerk wil laat aanbring. Sommige mense beskryf die gevoel as kielierig, of om geknyp te word, terwyl ander sê dit voel soos honderde bysteke of soos ‘n boor wat deur jou vel gaan. As 'n persoon bang is vir inspuitings, is dit beter om tydelike of henna tatoeërings te probeer.

8. Die area waar jy jou tatoeëermerk laat aanbring, sowel as die grootte daarvan, speel ook ‘n groot rol ten opsigte van die pynfaktor. Die laerug en die enkels is gewilde areas, maar dit is minder pynlik om ‘n tatoeëermerk op jou bors of bo-arm aan te bring, omdat daar meer weefsel tussen die vel en die been is.

9. Maak seker dat jy in alle opsigte gemaklik voel by die tatoeëerkunstenaar waar jy die groot (en permanente!) stap neem. Kyk of die studio skoon is en na ‘n professionele bedryf lyk en sorg dat alle naalde voor jou oopgemaak word.

10. Moenie bang wees om vrae te vra nie en maak seker dat jy die versorging van jou nuwe tatoeëermerk noukeurig nakom. Die tatoeëerkunstenaar moet jou hieroor inlig, maar indien jy enige twyfel het, bel gerus jou huisdokter.

11. En laastens, onthou dis ‘n permanente kunswerk en wat op 18 hiper-cool is, gaan op 50 dalk so ‘n effe verkeerd lyk!

Verwerk uit *www.peterjasie.co.za/minette*

VRAE:

1.1. Wat beteken die woord "tattoo" in die taal waaruit dit afgelei is? (1)

1.2. Kies die korrekte antwoord om die stelling te voltooi. Skryf net die vraagnommer (1.2) en die letter (A-D) neer.

James Cook het

a. tatoeëermerke ontdek.
b. baie tatoeëermerke gehad.
c. Tahitiese tatoeëermerke uitgevind.
d. die woord "tattau" gebruik. (1)

1.3. Wat het die Europese samelewings van tatoeëermerke gedink? Haal EEN WOORD aan. (1)

1.4. Noem TWEE plekke waar mense na getatoeëerde Indiane gaan kyk het. (2)

1.5. Hoekom het mense in vroeër tye tatoeëermerke gekry? Haal EEN WOORD uit paragraaf 3 aan. (1)

1.6. Noem TWEE groepe mense wat die ou Romeine deur tatoeëring gemerk het. (2)

1.7. By watter EEN geleentheid word Tahitiese tatoeërings gebruik? (1)

1.8. Waarom het matrose hulself laat tatoeëer? (1)

1.9. Drie van die antwoorde voltooi die onderstaande sin KORREK. Watter antwoord is NIE korrek NIE? Skryf net die vraagnommer (1.9) en die letter (A-D) neer.

Tatoeëerwinkels het in hawestede ontstaan, omdat…

a. matrose in China gewerk het.
b. matrose aandenkings versamel het.
c. matrose van drake gehou het.
d. matrose van pyn gehou het. (1)

1.10. Die naald waarmee tatoeëermerke aangebring word, beweeg baie vinnig.

1.10.1. Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.10.2. Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.10.1 met 'n GEDEELTE VAN 'n SIN uit paragraaf 6. (1)

1.11. Haal 'n GEDEELTE VAN 'n SIN uit paragraaf 6 aan wat vir ons sê dat tatoeëermerke permanent is. (1)

1.12. Noem TWEE faktore wat bydra tot die hoeveelheid pyn wat jy kan verwag wanneer jy 'n tatoeëermerk kry. (2)

1.13. Watter raad word in die teks gegee oor die plek waarheen 'n mens gaan om tatoeëermerke te kry? Noem EEN. (1)

1.14. Noem een ding wat jy kan doen om jouself te beskerm as jy 'n tatoeëermerk wil kry. (1)

1.15. By wie kan jy raad vra as die kunstenaar jou nie goed ingelig het nie? (1)

1.16. Dink jy dit is goed vir jongmense om tatoeëermerke te kry? Motiveer jou antwoord. (1)

1.17. Pas die inligting in KOLOM B by die inligting in KOLOM A. Skryf net die vraagnommer (1.17.1- 1.17.4) en die letter (A-E) neer, bv. 1.17.5 F.

KOLOM A	KOLOM B
1.17.1 kleurstof	A henna
1.17.2 nie permanente tatoeëermerke nie	B bors en bo-arm
1.17.3 meer weefsel	C laerug en enkels
1.17.4 prikmerke	D roet
	E been of hout

(4 x 1 = 4)
[24]

EN

TEKS B: GRAFIESE VOORSTELLING

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae.





VRAE:

1.18. Tieners in Suid-Afrika het meer tatoeëermerke as tieners in die VSA.

1.18.1. Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.18.2. Motiveer jou antwoord op VRAAG 2.1.1 (1)

1.19. Watter land het die meeste mense bó die ouderdom van 70 jaar met tatoeëermerke? (1)

1.20. Watter ouderdomsgroep het die minste tatoeëermerke in albei lande? (1)

1.21. Tussen watter ouderdomsgroep in die twee lande is die grootste verskil? (1)

1.22. Waarom dink jy, het die laaste ouderdomsgroep die minste tatoeëermerke? (1)
[6]

TOTAAL AFDELING A: 30

EN

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Lees die teks hieronder deur en voer die instruksies uit.

INSTRUKSIES

- Som die teks op deur VIER positiewe **opinies** en DRIE negatiewe **opinies** oor tatoeëermerke in die tabel neer te skryf.
- Skryf die **opinies** puntsgewys in die tabel neer.
- Nommer die opinies van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

TEKS C: ARTIKEL

Ja of Nee? Wat dink jongmense oor tattoëeermerke?

Een jong man sê: "Ek persoonlik het nie tattoëeermerke nie, maar ek is van plan om Desember een te kry. Ek sien dit so - my liggaam is 'n dagboek wat eendag, deur my tattoëeermerke, al my stories sal vertel."

'n Sestienjarige seun: "My opinie daaroor sal 'ja' én 'nee' wees. As 'n tattoëeermerk jou persoonlikheid uitbeeld, sal ek sê dit is reg. Ek sal sê dit is verkeerd as dit niks beteken nie. 'n Mens doen nie net iets omdat ander mense dit doen nie, jy moet ernstig daaroor dink."

'n Jong dame: "Vir my is tattoëeermerke nie sleg nie. Mense kry tattoëeermerke, omdat dit hulle aan iemand, iets of 'n spesiale gebeurtenis laat dink."

As 'n mens 'n werk wil kry waar voorkoms 'n groot rol speel, mag 'n sigbare tattoëeermerk dalk teen jou tel," sê 'n twintigjarige meisie.

"Ek het 'n klein tattoëeermerkie op my laerug gekry toe ek 15 was en vandag is ek nie spyt nie. Die Bybel sê dat 'n mens niks aan jou liggaam mag verander nie. Maar dit kan tog 'n teken wees dat 'n mens wil bewys jy sal nooit opgee of twyfel nie."

Trek die volgende tabel in jou **antwoordboek** en doen jou opsomming soos volg:

POSITIEWE OPINIES	NEGATIEWE OPINIES
2.1 2.2 2.3 2.4	2.5 2.6 2.7

TOTAAL AFDELING B: 10

EN

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3

TEKS D: TYDSKRIFARTIKEL

Die taalvrae wat volg, is op die teks hieronder gebaseer.

Die sterre voorspel…

Skerpioen

Doen jou navorsing, want hoe beter jy ingelig is, hoe beter is die keuse wat jy maak. Later vandeesmaand sal toekomsplanne wat jy op die agtergrond geskuif het, weer opdoem.
VERHOUDINGS Dis nie nodig om jou té veel oor die toekoms te bekommer nie. Die klein haakplekkies sal vinnig beter word.

Weegskaal

Die momentum bou op ná 'n frustrerende begin. Jy het ook die selfvertroue om die leiding te neem en dinge te laat gebeur.
VERHOUDINGS Jou maat het 'n klankbord nodig. Luister simpatiek, maar laat jou maat sy eie antwoorde vind.

Maagd

Kyk twee keer na jou planne, gee aandag aan detail en lees die fynskrif. Mense is sensitief vir kritiek. Jy moet jou woorde versigtig kies.
VERHOUDINGS Iemand uit jou verlede verskyn. Daar roer 'n ongemaklike gevoel in jou.

Boogskutter

Jy is altyd versigtig, wat reg is, want dis nie 'n baie lang fase nie. Vertrou jou gewoonte om aan die bekende vas te hou.
VERHOUDINGS Reik uit na die groter familiesirkel. Of jy nou baie met hulle in gemeen het of nie, hulle is deel van 'n netwerk van mense waaraan jy behoort.

Leeu

Dis tyd om die los drade van die verlede vas te knoop. Luister na jou intuïsie en dink twee keer voordat jy 'n ideaal nastreef.
VERHOUDINGS Neem ander in ag en gaan uit jou pad uit om ander gelukkig te maak.

Kreef

Dis onsinnig om jou oor dinge te bekommer wat jy geen beheer oor het nie. Fokus eerder op wat jy kan doen, veral vanaf die 13de. Wees avontuurlustig en neem die inisiatief.
VERHOUDINGS Jy voel kwaad as jy al jou emosionele energie op ander uitstort. Trek grense sodat jy meer vreugdevol kan gee.

Steenbok

Dinge wat staties was, kry skielik weer lewe en al wat jy moet doen, is om saam met die stroom te swem. Volg jou instink en soek die beste in ander rondom jou.
VERHOUDINGS Jou maat beleef 'n groeitydperk. Jou aanmoediging en steun bly egter belangrik.

3.1. Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM neer.
Luister na jou intuïsie! (1)

3.2. Gee 'n SINONIEM vir die onderstreepte woord.
Jou **maat** beleef 'n groeitydperk. (1)

3.3. Gee die MEERVOUD van die onderstreepte woord.
Daar roer 'n ongemaklike **gevoel** in jou. (1)

3.4. Skryf die korrekte BETREKLIKE VOORNAAMWOORD tussen hakies neer.
Dis onsinnig om jou oor dinge te bekommer (oor + wat) jy geen beheer het nie. (1)

3.5. Skryf die sin oor as 'n VRAAGSIN.
Jy is altyd versigtig. (1)

3.6. Gee die INTENSIEWE VORM van die onderstreepte woord.
Jy moet ander **gelukkig** maak. (1)

3.7. Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.
Die tekse sê: "Wees avontuurlustig!"
Begin só: Die teks sê dat… (2)

3.8. Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.
Jy moet jou maat ondersteun. (1)

3.9. VERBIND die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies.
Mense is sensitief vir kritiek. Jy moet jou woorde versigtig kies. (dus)
Begin só: Mense… (1)

3.10. Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.
Jy moet jou woorde versigtig kies. (1)

3.11. Gee die AFKORTING van die onderstreepte woord. Skryf slegs die antwoord neer.
Die sterreteken 'Weegskaal' is vir mense wat in **September** verjaar. (1)

3.12. Kyk na die verkorte woordeboekinskrywing. Skryf die lettergreep wat die klem dra, neer.

na'vor •sing s.nw. 1. Die handeling van navors

[Uit: *HAT*] (1)

3.13. Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies:
Party mense sal nooit (erken / herken) dat hulle "Die sterre" lees nie. (1)

3.14. VERBIND die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies.
Iemand verskyn uit jou verlede. Daar roer 'n ongemaklike gevoel in jou. (Wanneer)
Begin só: Wanneer… (1)

3.15. Skryf die onderstreepte GETAL in woorde uit.
Daar is **12** sterretekens. (1)

3.16. Kies die KORREKTE VOORNAAMWOORD tussen hakies.
Luister simpatiek, maar laat (sy / hy / jy) sy eie antwoorde vind. (1)

3.17. Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.
Die meisie sal haar maat help. (1)

3.18. Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.
Die (mense wat lees) glo alles. (1)

3.19. Gee die MEERVOUD van die onderstreepte woord.
Jy moet ingeligte (**keuse**) maak. (1)

3.20. Gee die TEENOORGESTELDE GESLAG van die onderstreepte woord. Skryf slegs die woord as antwoord neer.
Gesels met jou **vriend**. (1)

3.21. Voltooi die volgende IDIOOM. Kies uit die woorde in die lys hieronder. Skryf slegs die vraagnommer (4.21) en die antwoord neer.

voordeur; voortou; voorraad; voorberei

Jy moet die … neem en dinge laat gebeur. (1)

3.22. Skryf die sin met die KORREKTE WOORDORDE neer.
'n Mens (jou gewoonte / vertrou / om aan die bekende vas te hou / gewoonlik). (1)

3.23. Kies die KORREKTE VOORSETSEL tussen hakies.
Trek grense, sodat jy (met / aan / by) vreugde kan gee. (1)

3.24. Skryf die sin oor en VERVANG die onderstreepte voegwoord met die voegwoord tussen hakies.
Jou planne is belangrik en jy gee aandag aan detail. (daarom) (1)

3.25. Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.
Jy voel kwaad as jy jou emosionele energie mors.
Begin só: Jy het kwaad gevoel… (2)

3.26. Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.
Vra vir jou **vriend**: "Het jy baie selfvertoue?"
Begin só: Vra vir jou vriend of… (2)

3.27. Gee die OORTREFFENDE TRAP van die woord tussen hakies.
Jy sal die (**goed**) keuse maak. (1)
[30]

Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent hieronder gebaseer.

3.28. Voltooi die sin met die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (5.1) en die letter (A-D) neer.

Mansonderwysers is strenger en kwaaier as damesonderwysers.

Hierdie stelling is 'n voorbeeld van …

a. gevoelstaal.
b. partydige taal.
c. oorredingstaal.
d. manipulerende taal. (1)

3.29. Wat is die funksie van die sterretjies in Raampie 3? (1)

3.30. Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.
Meester het 'n das om sy nek. (1)

3.31. Skryf die sin in die ONTKENNENDE VORM neer.
Neelsie doen altyd sy opdragte. (1)

3.32. Kyk weer na die onderwyser se gesigsuitdrukking in Raampie 2.
Beskryf die onderwyser se gesigsuitdrukking in EEN SIN. (1)

3.33. Kies die KORREKTE WOORD tussen hakies:
Neelsie is 'n baie (lui / lei / ly) seun. (1)

3.34. Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.
Meester vra: "Hoekom doen jy nie jou opdrag nie?"
Begin só: Meester vra… (2)

3.35. Skryf die sin oor in die BEDRYWENDE VORM (AKTIEWE VORM).
Neelsie is deur Meester gestraf. (1)

3.36. Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.
Meester jaag vir Neelsie uit. (1)

[10]

TOTAAL AFDELING C: 40

VRAESTEL TOTAAL: 80